# DIE BETEKENIS VAN PROF DR. S. P. ENGELBRECHT AS HISTORIKUS

Dit sal met lesers, wat soos ons ou jaargange van ons kerkblad deurgelees het, waarskynlik gegaan het soos dit met ons die geval was. Van die begin af is ons aandag getrek deur die onderhoudende briefwisseling tussen oom Sarel en neef Willem. Albei het die kuns verstaan om hul lesers op 'n besonder onderhoudende en leersame wyse besig te hou. Want watter belangrike vraagstukke is nie deur daardie twee briefskrywers bespreek nie! Kerk- en skoolsake, belangrike feite in verband met die geskiedenis van ons Kerk, belangrike mededelings oor honderd-en-een ander, ewe belangrike aangeleenthede. Vir ons Kerk en die lidmate het Oom Sarel en Neef Willem onskatbare dienste gelewer. In „De Hervormer" van 15 September 1909 is Neef Willem aan die woord. Hy verduidelik onder meer die naam van ons Kerk en wy ook 'n paragraaf aan die onafhanklikheid van ons Kerk ten opsigte van die Kaapse Kerk. So delf Neef Willem in die skatte van die verlede en . . . kry 'n ondersteuner! In „De Hervormer" van 15 Oktober 1909 kom daar 'n brief voor wat gedateer is: 'Standerton, September 1909 en onderteken is deur Steph. Engelbrecht. Hierdie jong briefskrywer het die uiteensettings van Neef Willem ongetwyfeld só belangrik gevind dat hy hom beywer het om eersgenoemde se uitlatings en verklarings met nuwe feite te staaf. En hy gaan nog verder deur te verkondig dat ds. Andrew Murray vir 'n beroep na die Voortrekkers in Transvaal bedank het. Dan vervolg hy: „Men wou toch gaarne een vaste leraar hebben en wendde zich toen tot Holland, en niet te vergeefs." (bls. 11).

Vir ons lesers is hierdie geskiedenis bekend. En dit danksy die latere aktiwiteite van dieselfde briefskrywer uit Standerton wat in 1909 sy eerste skredes op die pad van die historie van ons Kerk — die Ned: Hervormde Kerk van Afrika — gesit het. Vandag behoort elkeen van ons, danksy die menigvuldige geskrifte en artikels van die hand van prof. dr. S. P. Engelbrecht, te weet hoe dit met die geskiedenis van ons Kerk gesteld is. En nie alleen met betrekking tot die inwendige ontwikkeling van dieselfde Kerk nie. Bedreigings, ontstaan in die brein van mense, was daar dikwels. Steeds het die Here sy beskermende hand oor ons Kerk en sy Bedienaars van die Woord, sy kerkrade en sy lidmate uitgestrek. Danksy die genade van Hom kon ons Kerk word tot wat dit vandag is.

Dat die geskiedenis en lotgevalle van ons Kerk vandag binne die bereik van al die belangstellendes is, is die werk van prof. dr. S. P. Engelbrecht. In 1913 het hy as jong student na Nederland gegaan om

hom daar, aan die Ryksuniversiteit van Utrecht, vir die D.D.-graad te bekwaam. Reeds voordat hy op grond van sy proefskrif „Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika" bogenoemde graad verwerf het is daar bewyse dat hy sy belangstelling vir die geskiedenis van die Hervormde Kerk nie verloor het nie. Die brief, waarvan ons reeds melding gemaak het, was die begin van 'n toegewyde studie wat oor jare sou uitstrek.

In 1917 het daar in die Nederlandse tydskrif „*Stemmen voor Waarheid en Vrede* 'n bydrae van S. P. Engelbrecht verskyn onder die titel: *Een histories-krities onderzoek histories krities onderzocht.* Hierdie bydrae bestaan uit ruim vyftig bladsye en is 'n antwoord op „Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek Historisch kritisch onderzocht." Die skrywer van hierdie boek was ds. C. Spoelstra.

In 'n noot aan die begin van die bydrae verklaar die redakteur van „Stemmen voor Waarheid en Vrede", die bekende dr. A. W. Bronsveld, o.m. „dat hier menige in omloop gebrachte onware voorstelling wordt weerlegd" en „dat hier vele belangrijke en wetenswaardige feiten worden meegedeeld." En met betrekking tot die skrywer voeg die redakteur daaraan toe dat hy „een warm vriend van onze en zijne Kerk" is.

Hierdie opmerkings van dr. Bronsveld, gedagtes wat in 1917 neergeskrywe is, is waardevol want steeds het die skrywer van „Een histories-krities onderzoek . . ." hom beywer om „menige in omloop gebrachte onware voorstelling" te weerlê en „vele belangrijke en wetenswaardige feiten" mee te deel. En in sy historiese werke en geskrifte het hy tewens altyd nadruk gelê op die bande van vriendskap en saamhorigheid tussen die Ned. Hervormde Kerk van Nederland (die Moederkerk) en die dogterkerk in Suid-Afrika. En met betrekking tot die wyse waarop die historiese gegewens verwerk is kan ons slegs getuig dat die histories-kritiese aanleg van die outeur oral op die voorgrond tree om daardeur die leser 'n waarheidsgetroue beeld van die gebeurtenisse en verwikkelings te gee. Keer ons na die beskouings oor die werk van ds. Spoelstra terug dan tref ons reeds in hierdie geskrif van die jong teologiese student al die genoemde kenmerke aan.

Ons noem slegs 'n paar belangrike punte van die bydrae. Allereers weerlê die skrywer die bewering van ds. Spoelstra as sou die Kaapse Kerk alles wat moontlik was gedoen het om in die geestelike behoeftes van die Voortrekkers te voorsien. Hierdie „veronderstelling" word met oorvloedige bewyse weerlê en die skrywer kom tot die slotsom dat die Kaapse Kerk in Oktober 1852 self erken het dat die gemeentes in Transvaal organies en juridies buitekant die verband van daardie Kerk staan en dat dieselfde Kerk „de Vootrekkers in Transvaal geheel aan hun lot" oorgelaat het (bl. 19).

Vervolgens weerlê hy ds. Spoelstra se bewerings insake die ontstaan van die Ned. Hervormde Kerk in die Oor-vaalse, 'n gevolg van die besluit van die Algemene Kerkvergadering van 1853 om inlywing onder die Kaapse Synode te verwerp. Die notule van hierdie Vergadering is nie deur ds. Spoelstra gelees nie. Wel is deur hom „besluite" van die vergadering gepubliseer wat nooit deur die Algemene Vergadering geneem is nie!

Onder die teregwysings val ook diè wat betrekking het op die naam van die Kerk en die uitermate vreemde wyse waarop ds. Spoelstra, nadat hy sy pamflet „Van Zoeterwoude naar Pretoria" twee maal „onvoorwaardelijk" herroep het om — dele van die inhoud later weer te publiseer. Aan die slot van sy kritiek verklaar die skrywer: „Tot dusver is de kerkgeschiedenis van ons Transvaal, die trots zijn kort bestaan rijk is aan gebeurtenissen, nog een onontgonnen terrein, maar de tijd zal komen, dat ons kerkelijk verleden ook aan een onpartijdig histories krities onderzoek onderworpen zal worden." Daardie tijd het gekom toe die akademiese proefskrif oor die geskiedenis van ons Kerk die lig gesien het. Ons wil nog graag die aandag van die leser op die bydrae *Andrew Murray in zijn studiejaren te Utrecht* vestig. Hierdie kort beskouing, wat in die „Stemmen voor Waarheid en Vrede" (1917) verskyn het, werp nuwe lig op die studietyd wat Andrew Murray in Utrecht deurgebring het en ook op sy gemoedstoestand. Sy piëtistiese vroomheid het Murray in Nederlandse Réveilkringe ontvang. Waar die kritiek op die boek van ds. Spoelstra stelselmatig is daar vertoon die bydrae oor Murray meer die kenmerk van 'n samestelling van brokkies historiese gegewens. Ook die laasgenoemde eienskap sou die skrywer later in staat stel om uit allerlei veelsoortige en veelkleurige gegewens waardevolle bydraes, sketse, aantekeninge en familie- en lewensberigte saam te stel. In „Andrew Murray . . ." kom hierdie gawe vir die eerste keer tot uiting.

So het ons by die *Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* aangekom, diè standaardwerk vir die geskiedenis van ons Kerk in Suid-Afrika. Afgesien van al die ander historiese geskrifte van prof. Engelbrecht sal hierdie werk die naam van sy skepper laat voortlewe. Ons vind in die „Kerkgeskiedenis" al die kenmerke van die outeur terug, kenmerke wat ons van die begin af probeer naspeur het om ons lesers 'n beeld van die ontwikkelingsgang van die liefde vir die historie en die wetenskaplike vorming en belangstelling van die outeur te skets. Die *Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk* staan daar as een van die hoogtepunte in die ontwikkelingsgang van die skrywer. Behalwe dat hy ons Kerk daarmee 'n onskatbare diens bewys het, sal die werk steeds 'n vooraanstaande plek in die ry van die historiese geskrifte, wat oor ons land en deur landskinders geskrywe is, bly inneem. Want ons moet onthou dat in daardie jare die wetenskaplike geskiedskrywing in ons land nog in sy kinderskoene gestaan het. In daardie opsig het daar 'n gunstige wending gekom en ons kan met trots getuig dat ons „Kerk-

geskiedenis" dwarsdeur die jare sy oorspronklike plek behou het. U sal geen volledige beskouing oor die verdienstes van die werk verwag nie. Dit is nie nodig nie. Alleen die feit dat die werk, waarvan die tweede deel in 1925 verskyn het, in 1936 reeds 'n hersiene uitgawe in Afrikaans belewe het, gee voldoende aanduiding van die waarde van die werk en die waardering wat dit gevind het. Vir ons lidmate is dit 'n vraagbaak, vir die teologiese student 'n voortreflike handboek, vir die historikus 'n goudmyn van gegewens. En — dit moet ons daarby voeg: in meer as een geval was en is dit nog 'n wapen! Op feitlik elke bladsy maak ons kennis met die liefde van die outeur vir sy Kerk. Die lotgevalle is duidelik en oortuigend geskets; waar daar moeilikhede was, is daar ernstig na gestrewe om die waarheid te laat seëvier. Daar is ruimskoots bewysplekke om die kritiese leser te oortuig. Dit—in 'n paar woorde— die betekenis van ons „Kerkgeskiedenis" uit die oogpunt van suiwer kerklike geskiedskrywing beskou. Maar — daar is meer! Veral in diè hoofstukke waar die skrywer ons na die jare van moeilikhede en omswerwings van die Voortrekkers terug voer. Daar is dele van ons vaderlandse geskiedenis verwerk. Daar het die outeur o.m. vir die eerste keer die Lauts-argief, wat tans in die Staatsargief te Pretoria berus, op 'n deeglike wyse ontgin en ons ingelig op watter wyse daar èn deur Voortrekkers èn deur Nederlanders probeer is om in kontak met mekaar te kom en te bly, sulks tot heil van albei lande, die moederkerk in Nederland en die dogterkerk in Suid-Afrika waarvan ds. Dirk van der Hoff die eerste leraar sou word. Ons bly die skrywer dankbaar vir hierdie gegewens. Hy — wat so fyngevoelig daardie bande vir ons geskets het — koester die hoop dat hierdie bande die gevoel van mense en tye mag oorlewe. Hy lê — in daardie hoofstukke — sy vinger op 'n tradisie, op 'n kosbare erfenis van die voorgeslag, 'n erfenis wat aan ons oorgedra is met die bedoeling om dit te bewaar, te laat groei en bloei en — behou.

In daardie hoofstukke lê 'n deel van die geskiedenis van die betrekkings tussen Suid-Afrika en Nederland. Daar styg die werk buitekant die landspale van Suid-Afrika uit!

Wanneer ons terugkeer na die inhoud van ons „Kerkgeskiedenis" dan is dit om die aandag van die belangstellende leser op die inhoud van 'n paar hoofstukke te vestig nl. dié oor die afskeiding onder ds. Frans Lion Cachet, dié oor die verhouding tussen ons Kerk en die (enkel) Gereformeerde — en Nederduits Gereformeerde Kerke. 'n Klimaks word ongetwyfeld bereik in die hoofstukke waar die voorgeskiedenis en die verwikkelings in verband met die voorgestelde Kerkvereniging beskrywe is. Hierdie hoofstukke is van groot waarde vir die kennis van die verlede en die hede. Ons verwys die leser ook na die vrugbare werk van die Prokurasie-kommissie. In die uitgawe van 1936 kon die skrywer getuig dat „die jare 1885 tot 1894 veelbewoë jare vir die Hervormde Kerk" was. Na die einde van die verwikkelings het dit geblyk „dat die

Hervormde Kerk in die geestelike behoeftes van duisende ou Transvalers voorsien het." Hierdie aanhalings, wat op bls. 404 van die hersiene uitgawe voorkom, staan aan die begin van hoofstuk XV, die hoofstuk wat die geskiedenis van ons Kerk van 1894 tot 1934 weergee. Mag 'n nuwe, uitgebreider uitgawe spoedig die skrywer geleentheid gee om die aantal jare wat ons tans reeds van 1934 skei, te oorbrug.

Reeds voordat bogenoemde standaardwerk 'n heruitgawe belewe het, het prof. Engelbrecht 'n ander rigting ingeslaan. Hy het begin met die beskrywing van *die geskiedenis van verskillende gemeentes* van ons Kerk in Transvaal. Aan die begin van 'n reeks van groter en kleiner geskrifte in dié rigting staan *Die Nederduits Hervormde Gemeente van Potchefstroom*, 1842–1927, 'n werkie van 31 bladsye wat in 1927 op die perse van „Die Weste"-drukkery in Potchefstroom gedruk is. Vir gemeente-lede en belangstellendes het hierdie en ander, soortgelyke geskrifte, ongetwyfeld 'n groot sentimentele waarde. En dit is in dieselfde geskrifte dat die skrywer hom beywer om as voorligter op te tree. In 1942, toe die gemeente Potchefstroom sy eeufees gevier het, het prof. Engelbrecht 'n boek van 160 bladsye aan dieselfde onderwerp gewy. Vanselfsprekend is in laasgenoemde boek heelwat meer gegewens verwerk as in sy voorganger terwyl daar ook veelvuldige gebruik van voetnote gemaak is.

Wat het die skrywer beweeg om *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom* 1842–1942 te skrywe? Op bls. 145 verklaar hy: „Potchefstroom is die Moedergemeente van die Hervormde Kerk in Transvaal. Honderd jaar gelede is dit deur die Voortrekkers gestig, en dit was passend om 'n blik na agter te werp. Veel het gebeur in daardie tyd. Die toekoms lê egter voor en niemand kan sê wat dit sal bring nie. Een ding is egter seker: die toekoms sal veilig wees en Potchefstroom sal 'n ware Moeder in die Hervormde Kerk wees, as nooit uit die oog verloor word nie dat dit 'n onsigbare koninkryk moet verteenwoordig, 'n koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie."

Bokant die liefde vir die historie en die Kerk staan die liefde tot God. Daar was en is nog baie historici wat die hand van die Here nie in die geskiedenis erken nie!

In 1935 het daar, van die hand van dieselfde skrywer, 'n soortgelyke publikasie onder die titel *Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg* 1865–1935 verskyn. Ook hier voel ons weer die teenstelling tussen die tydelike en die ewige wanneer die skrywer, voordat hy sy onderwerp van behandeling begin skets, ons die volgende ou, vertroude woorde weer voorlê:

Voorgeslachten kwijnden henen,
En wij bloeijen op hun graf:
Ras sal 't nakroost ons beweenen:
't Menschdom valt als blaadren af.

Sonder om in besonderhede op die inhoud van die „Gedenkboek" in te gaan wil ons graag die aandag op 'n paar ander aspekte vestig.

Allereers op die portrette van die ou staatmakers van die gemeente Heidelberg. Agter elkeen van hulle lê daar 'n brokkie kerk- en Transvaalse geskiedenis, in 'n paar gevalle selfs 'n deel van die familiegeskiedenis van die outeur. Prof. Engelbrecht ken die geskiedenis van die ou Transvaalse Hervormdes. Groot is ook die belangstelling van die outeur vir twee staatmakers onder ons predikante, wat 'n tydlank in Heidelberg gearbei het: ds. N. J. van Warmelo en ds. Jac. van Belkum.

Van soortgelyke aard en inhoud is die geskrif: *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Volksrust (Wakkerstroom)* 1861–1941, 'n werkie van veertig bladsye, waarin ons — behalwe die geskiedenis van die gemeente — ook o.m. 'n kykie op die historiese verhoudings en stromings in die Zuid-Afrikaansche Republiek kry. In hierdie geskrif lê die outeur o.m. nadruk op die houding wat baie Kaaplandse intrekkers — na hul aankoms in Transvaal — teenoor die Kruger-regime ingeneem het. Die Hervormde Kerk en almal wat lidmate van daardie Kerk was, het die koers, wat die ou Staatspresident gevat het, ondersteun. Soos hul groot staatshoof was die leidende figure en die lidmate van ons Kerk kultureel en godsdienstig na Nederland georiënteer.

Ons neem afskeid van hierdie, kleiner geskrifte, om die leser se aandag te vestig op 'n tweetal versamelings van histories waardevolle werke wat deur prof. Engelbrecht gerangskik en gepubliseer is. Allereers: *Paul Kruger's Amptelike Briewe*, 1851–1877 wat in 1925 verskyn het en vervolgens: 1842–1942 *Eeufees-Toesprake*. Terwyl eersgenoemde versameling 'n pragtige lig op die minder algemeen bekende deel van die lewe en werke van die groot Transvaalse leier en latere Staatspresident werp is die inhoud van die tweede bundel van groot belang vir die geskiedenis van ons Kerk. Saam met ds. J. G. M. Dreyer het prof. Engelbrecht die „Eeufees-Toesprake" uitgegee in opdrag van die Algemene Vergadering van ons Kerk. Dit sal 'n publikasie bly waarin die gees, wat daar tydens die Eeufeesviering van ons Kerk geheers het, so duidelik weerspieël word. Onder die gepubliseerde toesprake en boodskappe is daar dié van ons Eerste Minister, S.H.Ed. Generaal J. C. Smuts, en van H.M. Koningin Wilhelmina van die Nederlande. Hierdie bundel is besonder waardevol en ons kan die samestellers, waaronder prof. Engelbrecht, dankbaar bly dat hulle die belangrikheid van so 'n uitgawe besef het.

In die teken van die reeds genoemde Eeufeesviering staan verder nog die *Eeufees-Album van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* 1842–1942. Ook in hierdie pragwerk kom die so ryk geskakeerde verdienstes en talente van die samesteller — waaronder die speursin ongetwyfeld 'n besonder belangrike plek inneem — hierdie keer in woord en beeld weer aan die lig. Die inhoud is inderdaad omvangrik. Liewer as om ons eie oordeel uit te spreek gee ons 'n paar brokstukkies uit 'n beoordeling oor die album wat van die hand van K. in „Die Volkstem" van 18 Maart 1942 verskyn het. K. skrywe o.m. „Dit is nie alleen

van belang vir lidmate van die Kerk nie, maar ook vir diegene wat belangstel in ons geskiedenis. Vir die versamelaar van Africana is dit onmisbaar . . ." En tenslotte verklaar dieselfde skrywer nog: „Ons volk stel altyd belang in die geskiedenis en veral in die vaderlandse geskiedenis, al is ons dikwels geneig om meer waarde te heg aan oorlewerings as aan die geboekstaafde feite. Om hierdie rede is sulke publikasies . . . te verwelkom as synde van groot waarde." Elkeen wat die album besit of ken sal met bostaande beskouing akkoord gaan. Die album is 'n skatkamer van groot waarde en hierdie waarde sal in die toekoms nog groter word!

Waar èn ons „Kerkgeskiedenis" èn die „Eeufees-Album" ongetwyfeld in baie huis- en studeerkamers 'n ereplek inneem daar is dit — tot 'n baie groter mate — die geval met die *Almanak* wat sojuis sy veertigste jaargang belewe het. Behalwe dat prof. Engelbrecht reeds etlike jare as hoofredakteur van die Almanak optree, was hy — en is hy nog steeds — een van die vernaamste medewerkers. Daar kry hy nog steeds ruimskoots geleentheid om interessante mededelings te doen, portrette en dokumente af te druk, minder bekende deeltjies uit die geskiedenis van ons Kerk te belig, ou staatmakers van ons Kerk te gedink en — om ànder aan te spoor om histories belangrike boustowwe te publiseer.

Sonder om op die verdienstes van hierdie bonte versameling in te gaan, wil ons iets anders beklemtoon, nl. dat, deur middel van die Almanak, prof. Engelbrecht die geskiedenis in honderde huiskamers bring, dat hy — om dit anders te stel — veral in en deur die historiese bydraes van die Almanak- volksvoorligter was en nog by voortduring is. En in daardie opsig het hy baie louere ontvang. Nie elke historikus verstaan hierdie kuns nie. Hy groei al te dikwels vas in een rigting, hy word òf kamergeleerde òf volkshistorikus. 'n Kombinasie van hierdie twee rigtings tref mens nie te dikwels aan nie.

Onthou ons lesers nog die boeiende sketse oor die lewe en opofferings van *ds. N. J. van Warmelo*, soos dit in 'n paar onlangse uitgawes van die Almanak verskyn het? Het u die herinnerings van ons ou onderwysers — soos mnr. L. L. Steen e.a. — vergeet? Ons Almanakke bevat waardevolle gegewens. En dit veral danksy die werkkrag, talente, speursin en opwekkings aan ander van die kant van die hoofredakteur.

Ons sou prof. Engelbrecht ook nog kan noem in verband met sy historiese bydraes in *Hervormde Teologiese Studies*. Aangesien hierdie tydskrif, wat hoofsaaklik in die lig van teologie en teologiese vraagstukke staan, buite die bestek van ons onderwerp van behandeling staan, moet ons met hierdie, kort vermelding volstaan.

In 1933 het 'n voortreflike werk die perse van die bekende firma J. H. de Bussy verlaat. Vir die liefhebber van die boek as 'n sieraad en seker nie minder vir almal wat belang stel in die verlede is *Thomas François Burgers, 'n Lewenskets* ongetwyfeld 'n uiters groot aanwins. Deur hierdie biografie, waaruit baie meer gegroei het as bloot 'n lewen-

skets, is die Transvaalse geskiedenis met 'n standaardwerk verryk. In die werk oor Staatspresident Burgers het prof. Engelbrecht hom by uitstek as biograaf en kenner van die Transvaalse verlede leer ken. Maar daar is meer wat ons by die deurlees van „Thomas François Burgers" tref. Soos dr. W. J. Leyds in die verlede daarna gestrewe het om die saak van die Transvalers te regverdig so het prof. Engelbrecht die figuur van een van die Staatspresidente in eer herstel deur hom van al die besoedelings van 'n skrywer soos ds. Frans Lion Cachet te ontdoen.

So kan ons vandag 'n ander President Burgers aanskou as in die verlede. In sy bekende „Biographical Memoirs and Reminiscences" verklaar Sir John Kotze o.m.: Dr. S. P. Engelbrecht published . . . his most interesting and ably-written monograph in the form of a biography of the late Thomas François Burgers . . . It is a vaulable and welcome addition to our South African literature and history — in fact, a classic production."

Dieselfde skrywer spreek dan vervolgens die wens uit dat daar 'n Engelse vertaling van die werk mag verskyn. Ons kan die leser meedeel dat hierdie wens van nou wyle Sir John Kotze binnekort in vervulling sal gaan! Die Engelse vertaling sal 'n groot aantal lesers toevoeg aan diè wat reeds jare gelede met die inhoud van die Afrikaanse uitgawe kon kennis maak. Deur die vertaling bewys die outeur 'n belangrike diens aan ons land en volk. Hy leer die hele volk belang stel in die verlede van ons land en volk. Dit is nie om verwydering te bring of verdeeldheid te saai nie. Inteendeel — dit is 'n lofwaardige strewe om verbroedering tussen die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner en die Engelssprekende Suid-Afrikaner in die hand te werk. In hierdie geval deur laasgenoemde groep van ons landsburgers 'n deel van die Transvaalse geskiedenis te bring en hul belangstelling vir een van die staatshoofde van die Zuid-Afrikaansche Republiek op te wek. Mag hierdie poging goeie vrugte afwerp en die verstandhouding wedersyds bevorder! Mag baie skrywers die voorbeeld van prof. Engelbrecht volg. Want deur Engelse vertalings van hul werke uit te gee, word die poort van die hele Engelssprekende wêreld geopen. En — dit kan ons verseker—: buite die grense van die Unie heers daar nog maar al te dikwels 'n groot mate van onbekendheid of misvattings. Dit is nie tot die Engelssprekende wêreld of die verlede van ons land en volk beperk nie!

Uit bostaande oogpunte beskou is die Afrikaanse uitgawe en die komende vertaling van groot belang. Uit die inhoud van die werk wil ons hier en daar iets meedeel. Allereers kom, oral in die werk, die Burgersfiguur besonder goed tot sy reg. Die mens, die staatsman, die strewer-idealis en sy tragiese einde sal nie nalaat om indruk op die leser te maak nie. En dan die merkwaardige parallel tussen President Burgers en die latere President van die Zuid-Afrikaansche Republiek — S. J. P. Kruger. President Burgers was die tragiese baanbreker, waar sy opvolger uitvoerder was. Ons dink aan die spoorlyn na Delagoabaai en die voor-

gestelde onderwyshervormings van President Burgers. Tydens die Kruger-regime sou dr. Nicolaas Mansvelt op dieselfde beginsels voortbou. Ook dink ons aan hulle wat President Burgers en President Kruger as helpers bygestaan het. Die regterhand van President Burgers was dr. E. J. P. Jorissen, die regterhand van President Kruger was dr. W. J. Leyds. W. E. Bok het onder albei staatshoofde getrou sy nuwe vaderland gedien. Let ons op die groot lyne van die kulturele beleid van die twee Staatspresidente dan tref ons weer dieselfde verskynsel aan: 'n hegte samewerking tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en Nederland. President Kruger het — nadat die invloed van ds. S. J. du Toit verdwyn het — dieselfde koers gevolg. Dit is 'n paar kenmerkende feite wat elke leser — na aanleiding van wat prof. Engelbrecht oor die Burgers-tydperk geskrywe het — kan aflei wanneer hy sy aandag oor die jare tussen die twee Vryheidsoorloë laat gaan en vergelykend optree. Vir elkeen wat die Kruger-tydperk nader wil leer ken, vorm „Thomas François Burgers" 'n onmisbare inleiding.

Deur die lotgevalle van die Zuid-Afrikaansche Republiek tydens die Burgers-regime uitvoerig en deeglik gedokumenteer te beskrywe, het die outeur gedeeltelik voortgebou op 'n beskeie, maar nog steeds belangrike werk van dr. E. J. P. Jorissen nl. sy „Transvaalsche Herinneringen 1876–1896" en daarby die voorreg gehad om 'n groot aantal briewe en dokumente te bekom, waaronder die sgn. Burgers-papiere, wat later deur hom aan die Staatsargief te Pretoria afgestaan is. As tragiese figuur staan die Transvaalse staatshoof nie alleen nie. Ons dink hier aan kaptein von Schlickmann, daardie onverskrokke vrywilliger wat sy lewe vir die welsyn van die Zuid-Afrikaansche Republiek opgeoffer het. President Burgers het Transvaal as 'n gebroke man verlaat! En so kan ons nog heelwat besonderhede oor die inhoud van die lewenskets meedeel. Van 'n lewenskets het dit — soos bostaande voorbeelde duidelik aantoon — uitgegroei tot 'n standaardwerk oor die Burgers-tydperk. Ook is — in dieselfde bestek — waardevolle gegewens in verband met Transvaals-Nederlandse samewerking verstrek. Hierdie hoofstukke vorm 'n waardevolle aanvulling by die gegewens wat, in dieselfde verband, in die „Kerkgeskiedenis" oor dieselfde onderwerp verwerk is.

Ook in sy „Thomas François Burgers" bewys prof. Engelbrecht dat hy sy onderwerp van behandeling en die agtergrond van die onderwerp volkome beheers. Daar is die outeur kwalik geneem dat hy te veel met kontraste gewerk het, dat daar te veel verguis en te veel verheerlik is. Hierdie aantygings verval wanneer ons die werkwyse van die skrywer nader bestudeer. Sy werkwyse is uiters noukeurig, sy doel die waarheid! En dat dit soms skokkend kan wees doen aan die waarde van die werk geen afbreuk nie. Dit kan en sal die waarde slegs verhoog!

Die Burgers-figuur het prof. Engelbrecht beetgepak en hom in 1934 laat besluit om die bekende *Schetsen uit de Transvaal,* wat van die hand van *President Burgers* in 1872 in Kaapstad verskyn het, opnuut uit te gee

en van aantekeninge te voorsien. Dieselfde het gebeur met 'n aantal artikels van *dr. E. J. P. Jorissen* wat oorspronklik in die Nederlandse koerant „Het Nieuws van den Dag" verskyn het (1887) en onder die titel *Onbekende Herinneringen van Dr. E. J. P. Jorissen oor die Eerste Vryheidsoorlog* deur prof. Engelbrecht uitgegee is. Ook hierdie keer ontbreek die inleidende aantekeninge nie.

Vir oulaas kom ons weer by korter historiese bydraes terug. Hierdie keer diè wat in koerante en tydskrifte verskyn het. Om hulle almal op te spoor was onmoontlik vir ons. Ons wil die aandag van die leser op 'n paar vestig. In „Die Volkstem" van 10 Oktober 1930 kan u lees: *Die wordingsgeskiedenis van Pretoria*; in die gedenkuitgawe van „Die Huisgenoot" van Desember 1938: *Die Gelofte*; in „Historiese Studies" (1e jaargang, no. 2): *Stamlys van Generaal Andries Hendrik Potgieter.* Daar bestaan tientalle ander artikels van die hand van dieselfde skrywer. Dink alleen aan alles wat van sy hand in *Die Hervormer* verskyn het. En nog steeds beweeg die pen rusteloos oor die papier. Ons mag slegs een wens uitspreek: mag die Here prof. Engelbrecht nog jare spaar en hom in die geleentheid stel om sy, tot op hede, so vrugbare werk as historikus voort te sit!

Die groot verdienstes van prof. Engelbrecht op historiese en verwante gebiede het op velerlei wyse erkenning gevind sowel in sy vaderland as daarbuite. So is prof. Engelbrecht onder meer Argivaris van die argief van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika, Hoofredakteur van die „Almanak van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika", een van die oprigters en redaksie-lede van „Hervormde Teologiese Studies", lid van die redaksie van „Historiese Studies", erelid en bestuurslid van die „Nederlands Cultuur-historisch Instituut aan de Universiteit van Pretoria", lid van die Kommissie van Unie-argiewe, van die S.A. Akademie, van die S.A. Burgergrafte- en Monumente-komitee, van die „Nederlandsch–Zuid-Afrikaansche Vereeniging te Amsterdam", van die „Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde" te Leiden, van die „Historisch Genootschap" te Utrecht, van die „Pilgrimfathers Genootschap", van die „Provinciaal Utrechtsch Genootschap voor Kunsten en Wetenschappen", van die „Genealogisch-Heraldische Vereeniging: De Nederlandsche Leeuw", te 's Gravenhage, en houer van die medalje van die Portugese genootskap „Société de Géographie Lisbonne" te Lissabon (Portugal).

Ten slotte 'n paar persoonlike herinnerings. In 1936 het 'n jong Nederlander vir die eerste keer die geskiedenisklaskamer van die Universiteit van Pretoria binnegegaan. Agter die lessenaar het daar 'n klein, rustelose man gestaan wat eers noukeurig sy studente beskou het, sy aantekenboekie te voorskyn gehaal het om vervolgens sy gehoor aan 'n ware kruisverhoor te onderwerp. Die prosedure was ongeveer as volg: „Meneer, wat is u naam?" „X, professor!" Waarop die volgende

vraag kom: „Waar kom u vandaan?" „Van Oos-Transvaal, professor!" „So, is jy dan 'n kleinseun van . . . (een of ander bekende figuur uit die politieke en/of kerklike lewe)?" „Ek weet nie wie u bedoel nie, professor!" Dan het daar 'n volledige uiteensetting gevolg. En so moes die meeste studente deurloop, ook die jong Nederlander — die skrywer van hierdie reëls . . .

Die lesing het begin. Die aantekenboekie doen van tyd tot tyd diens, maar die professor beheers sy onderwerp goed. Vir ons, oningewydes, te goed want as ek nou nog my aantekeninge te voorskyn haal dan is dit tot 'n klein aantal bladsye beperk. Dit was 'n algemene klag dat ons so min aantekeninge ontvang het. Die professor het te dikwels afgedwaal en ons, sukkelaars, oor alles en nog wat vertel wat ons moeilik kon verteer. En tog het ons, ondanks daardie gedurige worsteling, belangstelling gekry vir die Transvaalse geskiedenis. Ons het die beskouings van ons professor leer ken, ons het sy liefde vir klein insidentjies en verwikkelings, familiegeskiedenis en vrywings leer waardeer. Ons het leer besef watter groot dienste Generaal Andries W. J. Pretorius aan sy land en volk bewys het . . . En verder? Dat ons — om aan die einde van die akademiese jaar te slaag — self heelwat leeswerk sal moet doen, self sal moet snuffel- en graafwerk sal moet verrig. Sò doseer prof. Engelbrecht sy geskiedenis! En so wek en bestendig hy by deurtastende studente die lus om te lees, te delf en na te vors.

Die skrywer self sal hierdie lesings nie vergeet nie. Vir hom was juis daardie lesings die begin van 'n besonder interessante en leersame deel van sy lewe. Hy het die aanwysings, wat hy in daardie jare ontvang het , opgevolg! Dit was geen maklike pad nie, maar vandag nog sien hy met dankbaarheid op daardie jare terug. Prof. Engelbrecht se metode is dié van selfwerksaamheid. Dit mag nog uit die volgende voorval blyk. 'n Paar M.A.-studente het verneem dat prof. Engelbrecht ook 'n deel van hul opleiding sal behartig. Maar die professor daag nie op nie. Die studente hou kajuitsraad. Hulle besluit om 'n besoek aan hul professor af te lê. Daar word hulle gesê watter boeke hulle kan bestudeer en daarna volg: „'n M.A.-student moet self weet wat hy moet doen!" Hierdie kort antwoord, wat só veelbetekenend is, is geen bewys dat prof. Engelbrecht geen tyd of belangstelling vir sy studente besit het nie. Waar hy opregte en intensiewe belangstelling by die jong historici bespeur het, daar was hy steeds bereid om 'n deel van sy kosbare tyd af te staan vir nuttige aanwysings, leersame besprekings en interessante wisseling van gedagtes! Elke oud-student van prof. Engelbrecht sal dit kan getuig en sy oud-leermeester daarvoor dankbaar bly. Tenminste dié wat — in die loop van die jare — 'n dieper insig in die aard en wese van hul oud-leermeester gekry het. As dosent in Transvaalse geskiedenis het prof. Engelbrecht die tuig neergelê. Sy oud-studente sal sy werk in hierdie hoedanigheid altyd in dankbare herinnering hou.

J. PLOEGER.